26/4/76. H.B. Th.

191. T. 5 (93)

# POLITIEKE DRIEHOEK, 1947 - '48

## MALAN, STRIJDOM, HAVENGA

DEUR

H.B. THOM

Eers 'n woord van waardering aan die adres van die Akademie. Ek stel dit op prys dat die Akademie my 'n geskikte geleentheid gebied het om die bogenoemde problematiek aan die orde te stel; ek waardeer dit des te meer dat dit kon gebeur in die kader van die Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesings. Want daardeur is aan my die kans gegee om hulde te bring aan die nagedagtenis van genl. Hertzog, een van die groot figure van ons geskiedenis, 'n ware seun van Suid-Afrikaanse bodem, wat nie geskroom het nie om sy land en sy mense te dien op 'n wyse wat vir hom, met die lig wat hy gehad het, reg en goed was.

\+ + + + + +

Dit word dikwels gesê dat dr. Malan in 1948 vir mnr. Strijdom 'n onreg aangedoen het deur hom in sy kabinet in die "minder belangrike" portefeulje van Lande aan te stel. Die onreg sou die gevolg gewees het van verskille van mening tussen die twee manne oor die kwessie van samewerking met mnr. Havenga en die kwessie van die republiek.

Laat ons die betreffende gebeure nader ondersoek.

2/.........

Toe die verkiesing van 1948 die gedagtes begin oorheers en die politieke partye vir die verkiesingstryd spieremaak, het dr. Malan en die Herenigde Nasionale Party of Volksparty - soos die tradisionele Nasionale Party toe amptelik geheet het - met dr. Hans van Rensburg en sy Ossewabrandwag, 'n bittere stryd agter die rug gehad. Dr. Van Rensburg, self-verklaarde Nasionaal-Sosialis, het 'n goed-georganiseerde beweging onder hom gehad, en openlik en by herhaling sy ongekwalifiseerde minagting uitgespreek vir ons demokratiese stelsel en die politieke partye wat die grondslag daarvan uitmaak. Terwyl hy sy Nasionaal-Sosialistiese oortuiginge bely het, het hy wel toegegee: " ....... dit sal 'n gek wees wat wil probeer om dit aan die Boerevolk op te dring"[1]. Maar hy het nietemin in Suid-Afrika 'n gesagstaat verlang, 'n gesagstaat wat hy, met opvallende woordespel, omskryf het as "die eindbestemming van ons Volk, die Republiek wat 'n Christelik-Nasionale Gesag= staat is, nasionaal en tewens sosiaal van aard"[2].

Maar die gesagstaat, of dit Nasionaal-Sosialisties is, of Facisties of Christelik-Nasionaal, veronderstel die verwerping van die demokrasie, met name van die partystelsel, en die vestiging van 'n diktatuur. Hiermee kon dr. Malan, oortuigde demokraat wat hy was, nie genoeë neem nie; en mnr. Strijdom, eweseer demokraat, ook nie. Die Party het ewentueel die O.B. openlik die stryd aangesê, wat na 'n paar jaar van bittere openlike gevegte - en nog bitterder binnegevegte - daarop

---

1) Kotzé (C.R.), Die Ossewa-Brandwag: Sy Ontstaan, Ontwikke= ling en Botsing, p.12.

2) Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en Waarheen?, p.2.

uitgeloop het dat die O.B. die neerlaag gely het, en as 'n politieke faktor uitgeskakel is.

Toe die verkiesing nader kom, was dit alles reeds geskiedenis, maar soos dit gewoonlik met die dinge van die geskiedenis gaan, dit kom nie en gaan en is verby en vergete nie; dit het nadraaie en naweë, wat dikwels moeilike vraagstukke baar, soms net so moeilik as die oorspronklike vraagstuk wat die oorspronklike stryd veroorsaak het. Só was dit ook nou. Dit was die naweë van die stryd tussen O.B. en Party wat dr. Malan en mnr. Strijdom in 'n kwaai meningsverskil met mekaar gebring het.

In die loop van die jare 1945 tot 1947 het dit vir dr. Malan duidelik geword dat die H.N.P. of V. nie veel hoop gehad het om die Verenigde Party-regering, onder die formidabele Smuts-Hofmeyr-kombinasie, in die verkiesing met welslae aan te durf nie. Daar het groot veranderinge op die politieke terrein in Suid-Afrika plaasgevind: o.a. het mnr. Havenga, ná sy uittrede uit die politiek, weer geruggekeer om leier van die Afrikaner=party te word. Hy was aktief besig om sy party op te bou, en al was dit nie 'n groot party nie, het die krag daarvan gelê by 'n groep ervare, ordentlike Afrikaner-manne en -vroue, wat vroeër volgelinge van genl. Hertzog was, en in verband met brandende vraagstukke, soos die republiek en die skeiding van die rasse, volkome met dr. Malan, mnr. Strijdom en die ander Nasionaliste saamgevoel het. Hulle het hulle egter om persoonlike redes en deur die verloop van voorafgaande politieke gebeure, wat ook maar in hoë mate om persone gesentreer was, nie in die kring van die H.N.P. of V. bevind nie.

Die A.P. sou in die verkiesing miskien 'n setel of twee kon wen,

of miskien ook nie, maar hy sou stemme van die H.N.P. of V. kon wegtrek; daar sou wrywing en verwarring onder Nasionaal= gesindes in sekere kiesafdelings kon ontstaan; en 'n klompie A.P.-stemme sou in bepaalde grenssetels beslissend kon wees. Dit het dr. Malan begryp, en hy was bereid om heelwat oor te buig om die samewerking van mnr. Havenga en sy A.P. te kry, minstens met die oog op die verkiesing. Hieroor het mnr. Strijdom radikaal van hom verskil, nie oor die einddoel nie, maar oor die weg wat gevolg moet word, en meer bepaald oor die toegewings wat van Nasionale kant gemaak moet word.

Diep onder die besef van die erns van die naderende verkiesing, het dr. Malan, in opvolging van voorafgaande kontak met mnr. Havenga, vir laasgenoemde vroeg in 1947 in die huis van dr. Dönges in Seepunt ontmoet. Na 'n vertroulike maar openhartige en indringende bespreking het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat daar, soos dr. Malan dit stel, "werklik geen beginselverskille bestaan wat ons twee partye kon regverdig om ons volk in daardie mate nog altyd verdeeld te hou nie"[3].

Dr. Malan het onverwyld die inisiatief geneem. In sy eie hand= skrif, daardie kenmerkende duidelike, reëlmatige, ronde skrif, stel hy 'n stuk op wat as gesamentlike verklaring van hom en mnr. Havenga bedoel was en die weg vir praktiese samewerking moes baan. Hy stuur dit tydens die parlementsessie op 5 Maart 1947 van Kaapstad af aan mnr. Havenga, wat toe nie lid van die Volksraad was nie en op sy plaas Allanvale in Memel, O.V.S., gewoon het.

---

3) Malan, Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen, p.233.

5/........

Dr. Malan - net soos mnr. Strijdom en vrywel alle ander Nasionaliste - sou natuurlik baie graag wou gehad het dat die A.P. sy lot ten volle by die H.N.P. of V. inwerp en eenvoudig met hom verenig, maar hy was realisties genoeg om te weet dat so iets nie so gou en maklik kon gebeur nie, daarvoor was die resente gebeure nog te vars in die geheue en persoonlike wonde, wat in die proses van interne stryd geslaan was, nog veels te rou. Wetende hoe delikaat die situasie was, en met die samesprekings tussen hom en mnr. Havenga helder in sy gedagtes, het hy in die voorgestelde verklaring kategories ingeskryf - soos mnr. Havenga se uitdruklike wens ook was - dat die voorgenome samewerking die aparte identiteit van die twee partye geensins aantas en ook geen eise meebring nie: "Die besprekings het plaasgevind op die grondslag dat elkeen van die twee partye sy eie identiteit behou. Verder is daar geen eise van enige aard teenoor mekaar gestel of bespreek nie, en is dit aangeneem dat deelgenootskap in dieselfde volksdiens en kameraadskap in dieselfde stryd toegelaat sal word om toekomstige verhoudinge self en vryelik te bepaal". Met 'n enkele aanvulling, wat dr. Malan op voorstel van mnr. Havenga aanvaar het, is die finale teks van die verklaring op 22 Maart 1947 namens dr. Malan en mnr. Havenga wêreldkundig gemaak[4]. Dit was die groen lig vir samewerking tussen die H.N.P. of V. en die A.P.; dit was die geboorte van 'n nuwe faktor in die

Jan v. Rooyen

---

4) Kyk bv. Die Burger, 22 Maart 1947, waar die volledige, finale teks weergegee word. Die teks is ook afgedruk by Van Rooyen, Die Nasionale Party, pp.149 - 150.

6/.........

verkiesing van 1948[5].

Mnr. Strijdom, wat ondertussen van hierdie verwikkelinge kennis=geneem het, was glad nie gediend daarmee nie. 'n Verklaring van samewerking, hoe belangrik ook al, is op sigself nog nie veel meer as 'n vrome wens nie - dit het iedereen geweet - die werklike waarde daarvan lê in die uitvoering. Die vernaamste voorwaarde vir die uitvoering van die verklaring van samewerking, was die verkryging van 'n ooreenkoms betreffende die verdeling van setels in die komende verkiesing: Watter setels sou die H.N.P. of V. bestry, en watter setels die A.P.? Dit was die hantering van hierdie vraagstuk wat die teleurstelling by mnr. Strijdom nog dieper sou laat sny.

Op 4 Junie 1947, toe die parlementsessie pas verby was en hy gereedgemaak het om na die Noorde te vertrek, rig hy vanaf Kaapstad 'n uitvoerige skrywe aan dr. Malan. Hy verklaar ten aanvang: "..... wil ek weer my standpunt stel, so duidlik as ek kan, in verband met die voorgestelde samewerking tussen ons

---

5) Oor hierdie verloop van sake het die skrywer in 1947, in geselskap van wyle prof. E.C. Pienaar en een keer ook van prof. P.J. Schoeman, samesprekings met dr. Malan gevoer. Ek is dankbaar dat dr. Malan my kopieë van 'n hele aantal belangrike verbandhoudende dokumente laat kry het, en ook dat wyle mev. Malan my vrye toegang gegee het tot die D.F. Malan-Versameling, wat onder die sorg van die Universiteit van Stellenbosch bewaar word. Die briewe (of kopieë daarvan) van dr. Malan, mnr. Strijdom, mnr. Havenga en ander persone, waarna in hierdie lesing verwys word, is óf in die D.F. Malan-Versameling óf in my persoonlike ver=sameling óf in albei.

Party en die Afrikaner Party". Aangesien mnr. Strijdom hier vir die eerste keer sy standpunt op omvattende wyse skriftelik uitspel, is dit van belang om goed op hierdie brief te let.

Hy sê dat hy, soos hy tevore al verskeie kere in die openbaar verklaar het, nou herhaal dat hy baie graag wou hê dat daar sonder versuim eenheid bewerkstellig word tussen die H.N.P. of V. en die A.P. Daarom was dit vir hom so 'n groot teleurstelling om te verneem dat die A.P. as voorwaarde vir samewerking gestel het dat hulle hulle aparte identiteit sal behou. Hierin het vir hom die gevaar van verder botsings gelê, en vandaar dat hy die versoek gestel het dat as die H.N.P. of V. setels aan die A.P. toeken om te betwis, die A.P. dan ten minste die versekering moet gee "dat as hulle nie voor die verkiesing een met ons wil word nie hulle dit dan sonder versuim na die verkiesing sou doen".

Iets anders het nou ook nog gebeur, wat vir mnr. Strijdom erg ontstellend was. Hy sê aan dr. Malan: "Maar nou het daar 'n ander moeilikheid te voorskyn gekom en dit is dat die A.P. sy deure vir die O.B. oopgegooi het". Hy wys in kragtige taal op sekere doelstellings van die O.B., o.a.: "Die Demokrasie moet vernietig word. D.w.s. die grondslag van ons Party en van ons ganse volkslewe en volksverlede moet vernietig word"; en: "In die plek van die Demokrasie moet dan gestel word 'n Gesagstaat of Partylose staat, wat maar net 'n ander naam vir 'n Diktatuur is". Vir enige mens met verstand moet dit duidelik wees - so gaan hy voort - waarom van Nasionale kant standpunt ingeneem is dat lede van die O.B. nie terselfdertyd lede van die Party kan wees nie, en waarom die Provinsiale Kongresse besluit het dat daar geen ooreenkoms en samewerking tussen die Party en die O.B. kan wees nie.

'n Mens kan nie help om verderaan in die brief die teleurstel=ling by mnr. Strijdom sterk te sien styg en 'n mate van wrewel by hom aan te voel nie. Dit blyk uit die volgende paragrawe: "En terwyl dit nou ons standpunt teenoor die O.B. is en terwyl die A.P. en mnr. Havenga baie goed geweet het wat ons standpunt was, hoe het hulle opgetree? In die eerste plek kies hulle onmiddellik na bekendmaking van die ooreenkoms tussen u en mnr. Havenga van die vernaamste O.B.'s wat bitter vyandig teenoor ons Party staan, as lede van hulle Hoofbestuur om nie eers te praat van Taksbesture ens. nie.

In die tweede plek – so gaan hy voort – stel hulle uiters vyandige O.B.'s ..... aan as hulle organiseerders, en in die derde plek terwyl daar vir alle praktiese doeleindes geen Afrikaner Party as organisasie in Transvaal bestaan het nie, stig die O.B. nou oral klein takkies van die Afrikaner Party wat vir die grootste gedeelte net uit O.B.'s bestaan. Vir watter doel?

Hierdie ooreenkoms, – konkludeer hy – sogenaamd met die A.P. is in werklikheid dus niks anders as 'n ooreenkoms met die O.B. - met die O.B. wat prontuit verklaar dat hy sy aparte identiteit en doelstellings gaan handhaaf en uitleef."

Mnr. Strijdom vind dit ten enemale onmoontlik om met O.B.-mense, onder die dekmantel van die A.P., 'n ooreenkoms aan te gaan. Hy herhaal wat hy voorheen in die Federale Raad van die Party gesê het, nl. dat hy nie deel kan hê aan die uitvoering van die oor=eenkoms met die A.P. nie tensy die A.P. sy standpunt teenoor die O.B. in ooreenstemming bring met dié van die H.N.P. of V., of anders dat die O.B. as organisasie ontbind of amptelik en kategories in die openbaar verklaar dat hy hom geheel-en-al aan

9/.........

die politieke terrein onttrek en sy genoemde doelstellings laat vaar. 'n Mens kry enigsins 'n kykie in die dilemma waarin mnr. Strijdom hom bevind het as jy die woorde lees wat volg: Hy sê: "Ek het hierdie saak met al die erns van my siel nou al vir weke oorweeg maar ek kan my standpunt nie verander nie. Vir my is hierdie 'n saak van beginsel en oortuiging waaroor ek nie heen kan stap nie".

Dit was konfrontasie, konfrontasie tussen die Uniale leier, dr. Malan, wat ook Kaaplandse leier was, en die Transvaalse leier, mnr. Strijdom; dit was konfrontasie oor prinsipiële standpunte; dit was nie persoonlike konfrontasie nie; en dit was ook nie open=like konfrontasie nie. Ofskoon van hulle vriende hulle bewus was van die meningsverskil en die erns daarvan terdeë besef het, het dr. Malan en mnr. Strijdom gesorg dat daar nooit 'n openlike konfrontasie kom nie, waarin vyandige koerante hulle natuurlik sou verlustig het. Maar juis omdat dit konfrontasie oor beginsel-standpunte was, moes mnr. Strijdom nou duidelikheid oor sy posisie kry.

Hy het ernstige aandag gewy aan wat sy verdere gedragslyn moet wees. As goeie Party-man stel hy dan ruiterlik die gevolgtrekking waartoe hy gekom het: Hy sê aan dr. Malan: "As u en ons Party dus nieteenstaande die besware deur my genoem sou oordeel dat dit wenslik is om met hierdie ooreenkoms met die A.P.-O.B. kombinasie voort te gaan, dan ten einde 'n stryd in ons eie geledere te voorkom sal ek noodwendig moet terugstaan as Provinsiale Leier in Transvaal." Hy kan immers nie aanbly as leier en 'n saak bepleit waarin hy nie glo nie; 'n ander leier moet dan in Transvaal gekies word wat "bereid sal wees om saam met die woordvoerders van die A.P.-O.B. kombinasie op te tree". Maar hy sal nie skeie breek nie:

"As gewone lid van die Party sal ek teneinde 'n skeuring te voorkom, my onderwerp - maar meer as dit kan ek nie doen nie". Dit volg egter dat "solank as wat hierdie A.P.-O.B. kombinasie voortduur", hy nie aan enige gesamelike optrede met die A.P. woordvoerders kan deelneem nie.

Ten slotte: Aangesien hy geen stryd wil voer en geen skeuring wil veroorsaak nie, wil hy met so min opspraak as moontlik opsy staan. Hy hoop dat dr. Malan en mnr. Havenga so gou doenlik tot 'n finale besluit sal kom "wat hierdie O.B. aangeleentheid betref", hopelik nog vóór die Transvaalse kongres van die Party op 16-18 September, waar hy sy standpunt sal moet stel ...... "tensy — voeg hy ten slotte by — ek voor die tyd my betrekking as Provinsiale Leier neerlê en dan glad nie die kongres bywoon nie". So 'n optrede sal volgens hom, "miskien die minste moeilikheid veroorsaak".

Wat die feite van die indringing van die O.B. in die A.P. aangaan, het mnr. Strijdom heeltemal gelyk gehad. Mnr. J.A. Smith, Organi= sasieleier en Assistent-Kommandant-Generaal van die O.B., het reeds op 25 Maart 1947 aan mnr. Havenga geskryf om hom te prys vir sy pogings om samewerking op politieke gebied te bevorder, en om sy ontsteltenis oor die houding van dr. Malan uit te spreek: "Malan wil dit blykbaar nie". Ook die houding van Die Burger het hy gelaak: Die O.B. se geesdriftige, dawerende vergadering in 'n stampvol Stellenbosse stadsaal het vir Die Burger ongemerk verbygegaan: "Die Burger het wel 'n verteenwoordiger daar gehad maar ons weer doodgeswyg! Geen verslag is geplaas nie". Mnr. Smith het vir mnr. Havenga ook 'n formule vir samewerking ingesluit, "wat u in u gewaardeerde poging tot eenheid kan probeer by Malan". Mnr. Havenga, lojaal aan dr. Malan, het die brief van die

Assistent-Kommandant-Generaal aan dr. Malan deurgestuur, "vir u vertroulike kennisname".

Mnr. Eric Louw, goeie vriend en geesgenoot van mnr. Strijdom, het dit op 16 Julie 1947 nodig gevind om baie uitvoerig aan dr. Malan te rapporteer oor wat in Beaufort-Wes en elders aan die gang was. Dr. Hans van Rensburg, Kommandant-Generaal, sou volgens betroubare mededeling aan mnr. Louw, in Beaufort gewees en sy "hoof-kommandante" en "kommandante" opdrag gegee het om A.P.-takke te stig, terwyl hy sy Brandwagte sou opgevorder het om as lede aan te sluit. Mnr. Louw vind hom selfs geroepe om 'n waarskuwing tot dr. Malan te rig: "Mag ek dus as getroue en geesdriftige partylid waarsku dat ons in hierdie dae baie ver=sigtig moet wees dat daar nie 'n toestand van onsekerheid en verwarring binne ons eie geledere ontstaan nie. En ek vrees dat dit presies is wat nou gebeur. Ek dink nie u besef hoeveel onsekerheid en selfs agterdog daar binne ons eie geledere is t.o.v. die Havenga ooreenkoms nie ....."

Ondertussen het gerugte die ronde gedoen dat die Regering ernstige aanklagte teen dr. Van Rensburg oorweeg. Mnr. Louw verwys dr. Malan ook hierna en na moontlike implikasies: "'n Ander ernstige moeilikheid waarmee rekening gehou moet word, is die moontlikheid dat Van Rensburg op hoogverraad aangekla word. Dan sal dit ons niks help om 'uit te lê' nie ..... die feit bly staan dat ons 'n ooreenkoms met die O.B.-georienteerde A.P. het! (Ou opl. in die Wrsk.!) U onthou nog die ou Euclid axioom dat 'Things that are equal to the same thing, are equal to one another'." Mnr. Louw meen dat mnr. Havenga op besliste wyse sal moet optree: "Hy sal hom in die openbaar moet uitspreek teen die O.B. se ideologie en beleid. En dit sal baie gou moet geskied".

12/..........

'n Mens word getref deur die ooreenstemming, sowel in strekking as formulering, tussen die houding van mnr. Louw en dié van mnr. Strijdom; en jy voel onwillekeurig aan dat hulle in noue voeling met mekaar moes gewees en die onderhawige kwessies openhartig met mekaar moes bespreek het, iets wat onder goeie vriende inderdaad net natuurlik sou gewees het.

Het mnr. Strijdom, en saam met hom mnr. Louw en ander, gelyk gehad wat betref die feite van die indringing van O.B.'s in die A.P., dan was dit 'n vraag of hulle die implikasies en drakrag daarvan suiwer gesien het. Of die uitwerking in die praktyk so kwaad-aardig en vernietigend was soos hulle vas geglo het, sou die tyd moes leer.

Dr. Malan het uit bronne baie naby aan hom ook inligting gekry, wat hom objektief op die hoogte gehou het en in kalme trant gestel was. 'n Week ná mnr. Eric Louw se brief rapporteer mnr. P.W. Botha, Inligtingsbeampte van die Party, vanuit die Inligtings=kantoor in Kaapstad kort en saaklik aan dr. Malan o.a.: "Uit dele van Kaapland asook die Witwatersrand ontvang ek berigte van wrywing tussen A.P.-takke en ons eie Party-takke ...... Voorts word berig dat dr. Van Rensburg ook op Upington 'n offisiers=vergadering gehou het en opdrag gegee het om A.P.-takke te stig. Maar daar het na bewering teenstand teen sy plan geheers en die vergadering is sonder besluit uiteen". Dr. Malan was goed op die hoogte; hy het die gevare besef en onder oë gesien, maar hy het sy kalmte behou. Ofskoon hy van kritiek en bedenkinge kennisgeneem het, het hy konsekwent by sy standpunt gebly om die samewerking met mnr. Havenga en die A.P. tot die meeste voordeel van die H.N.P. of V., en veral tot voordeel van die Nasionale stryd in die verkiesing, te ontwikkel.

Begryplikerwyse het mnr. Strijdom se brief van 4 Junie hom enigsins geïrriteer, maar hy het ~~sy~~ beheers~~ing~~ ~~behou~~ en byna vaderlik gereageer. Onmiddellik na ontvangs van die brief antwoord hy. Hy sê dat mnr. Strijdom oor sy houding ten aansien van die O.B.'s geen twyfel hoef te koester nie - "Dit verskil in geen opsig van joue nie, en die gedagte om ooit direk of indirek met hulle 'n ooreenkoms aan te gaan of relasies aan te knoop, het nog nooit by my opgekom nie".

Hy is hom net so bewus van moeilikhede, wat moet voortspruit uit die indringing van O.B.'s in die A.P., en hy onderneem "om openhartig, maar ook vriendskaplik, met mnr. Havenga te praat". Hy sê verder: "Hy (mnr. Havenga) besef, net soos ek, dat hy van die stap wat hy geneem het, nie weer kan terugkom nie, en dat hy daarom alles moet doen wat hy kan om die ooreenkoms 'n sukses te maak. Deur goeie gesindheid en raad wil ek hom daarin help, en graag wil ek vermy alles wat sy taak vir hom moeilik sal maak".

Dr. Malan was dus geensins blind vir die probleme nie; hy verseker mnr. Strijdom dat hy op sy hoede sal bly en mnr. Havenga sal bystaan. Hy het ook nie twyfel daaroor nie dat mnr. Havenga, net soos die H.N.P. of V., stappe sal moet doen om hom teen die ideologiese strewe van die O.B. te beskerm, maar - en <u>dít</u> is vir hom die kardinale, deurslaggewende punt wat mnr. Strijdom in gedagte moet hou - "Kan dit op hierdie tydstip enige goed doen om hom daartoe te probeer <u>dryf</u>?"

Dit is teen die end van die brief dat ons 'n bietjie irritasie by dr. Malan sien deurskemer; en die ouer man kon dan ook nie

14/........

nalaat om sy jonger kollega 'n teregwysing toe te voeg nie: "Wat die verdere inhoud van jou brief betref, vrees ek dat dit 'n haastigheid openbaar wat ek nie by jou gewoond is nie".

Dr. Malan verwys na die houding van mnr. Strijdom by 'n vroeëre geleentheid in die Federale Raad, toe hy in verband met O.B.-lede selfs meer geduld getoon het as dr. Malan self; as hy nou dieselfde geduld wil beoefen, sal sake ook nou regkom. Dr. Malan let weer op mnr. Strijdom se standpunt dat hy eerder as Provin= siale leier sal bedank as om sy samewerking te gee, en hy spreek dan sy hoogste woord - 'n woord van die Uniale leier ~~aan~~ tot die Provinsiale leier - wat vir mnr. Strijdom swaarwigtige betekenis moes gedra het: "Gaan jy inteendeel handel soos jy nou voorstel, dan sal niemand meer juig as die O.B.'s nie. En wat dan van ons Party en van sy sware verantwoordelikheid teenoor ons volk en ons toekoms?"

Dit was die posisie teen die middel van 1947: dr. Malan en mnr. Strijdom het elkeen standpunt ingeneem, en nie een sou maklik van sy standpunt wyk nie. Die volgende maande sou duidelikheid moet bring; en dit was nodig, want die tyd het kort geword.

Soos dr. Malan teenoor mnr. Strijdom onderneem het, het hy open= hartig en vriendskaplik die moeilikhede en gevare met mnr. Havenga bespreek, en hy het dit selfs by herhaling gedoen. Mnr. Havenga het dr. Malan verseker "dat van my kant alles gedoen word om te belet dat enige optrede van Afrikaner Party kant die gevolg mag hê om die goeie samewerking tussen ons te versteur". Hy het sy vriende ook goed laat verstaan dat niks gedoen mag word om by enigeen verwagtings in verband met kandidaatskap in enige beson= dere kiesafdeling te wek nie. Hy sê ook: "Ek wil u verseker

dat wat diegene betref wat by ons inkom, ek nie sal toelaat dat hulle binne die party iets sal doen wat ons kan benadeel. Soiets sal dadelik waar nodig deur my gerepudieer word".

Wat die O.B.'s aangaan, is dit mnr. Havenga se vaste oortuiging: "As hulle almal ons vyande moes bly dan is daar geen twyfel dat 'n hele aantal setels wat gewen moet word, vir ons verlore sal gaan. Ons sal in hierdie geval die goeie met die kwade moet neem en die beste maak van die saak". Hy verklaar openhartig teenoor dr. Malan: "Wat die O.B. as sulks betref is daar geen ooreenkoms of verstandhouding van enige aard tussen ons, en was daar nooit soiets in die verlede gewees". - Dr. Malan was bereid om mnr. Havenga op sy woord te neem; mnr. Strijdom nie: hy het nie self met mnr. Havenga onderhandel en het die man nie so goed geken nie. Om homself en sy kollegas in die H.N.P. of V. tevrede te stel, sou dr. Malan egter vorentoe weer meermale met mnr. Havenga skakel.

Dr. Malan het mnr. Strijdom met woord en daad op die hoogte gehou. Maar Ondanks hierdie houding het hy met mnr. Strijdom egter maar min gevorder. Op 14 Julie skryf mnr. Strijdom weer aan hom, en net soos in sy brief van 4 Junie 1947 lê daar ook in hierdie brief 'n dreigement, hierdie keer net 'n bietjie sterker. Mnr. Strijdom gee aan die hand dat dr. Malan en mnr. Havenga "so gou as moontlik 'n verder samespreking oor die hele saak voer. Die geweldige belangrikheid daarvan sal dit regverdig". Hy hoop dat 'n oplossing in ieder geval vóór die Transvaalse kongres gevind sal word "omdat 'n bespreking van die hele saak daar nie vermy sal kan word nie".

Op 31 Julie rig ~~mnr. Strijdom~~ hy weer eens 'n brief aan dr. Malan,

waarin hy o.a. sê: "Dit is duidelik dat Havenga nie meer in die A.P. kan hiet en gebied nie .... wat beteken dit nou dat Havenga onder hierdie omstandighede sê dat hy dit en dat nie sal toelaat nie. Dit is mos die meerderheid wat regeer" - en die meerderheid in die A.P. sal, volgens ~~hom~~ mnr. Strijdom, O.B.'s wees.

Mnr. Strijdom het eenvoudig gebly by die standpunt wat hy op 4 Junie aan dr. Malan gestel het, o.a. dat die O.B. moet ontbind, of anders in die openbaar moet verklaar dat hy sy ideologie van 'n gesagstaat laat vaar; en dat die A.P. moet onderneem om na afloop van die verkiesing met die H.N.P. of V. een te word. Slegs as dit gebeur kan hy sy samewerking gee. Hy sê teen die end aan dr. Malan: "Ek besef ten volle die moeilike taak wat op u skouers rus en kan ek alleen maar hoop dat u daarin slaag om Havenga te oortuig dat as die O.B.'s met behoud van hulle doelstellings terselfdertyd ook hulle rol in die A.P. speel, dit vir hom sowel as vir ons en ons Volk rampspoedige gevolge kan hê."

Ofskoon dr. Malan op mnr. Strijdom se houding gelet het, en dit hom vanselfsprekend ook tot versigtigheid gemaan het, het dit hom in die praktyk geensins van koers laat verander nie: Hy was vas oortuig dat sy siening korrek is, dat hy die oorgrote meer=derheid van Nasionaliste agter hom het, en dat hy besig is om op die lange duur die hoogste belange van die land te dien. Mnr. Strijdom het op 9 September 1947 weer aan hom geskrywe om vir die soveelste keer te waarsku teen wat dr. Van Rensburg en sy O.B.'s besig was om te doen; maar dr. Malan het onverstoord voortgegaan: toe hy hierdie skrywe ontvang, was hy juis besig om druk te onderhandel met mnr. Havenga oor die verdeling van setels.

Hierdie was 'n uiters netelige vraagstuk: dit het nie net om die belange van die twee partye in die vier Provinsies gegaan nie, maar ook om die belange van persone, indiwiduele persone, in verband met hulle setels - of beoogde setels - in die Volksraad en ook in die Senaat; dit was 'n vraagstuk wat aan dr. Malan en mnr. Havenga hoë eise gestel het wat betref takt, geduld, begrip, en ook koersvastheid en beslistheid. Mnr. Strijdom was gekant teen samewerking met mnr. Havenga en die A.P., en bygevolg ook teen enige sprake van toewysing van setels aan hulle, sodat hy begryplikerwyse geen positiewe aandeel hieraan gehad het nie. Ondanks sy houding, is die nodige masjinerie vir onderhandeling geskep. Dr. Malan het ~~ook~~, in aansluiting by die ooreenkoms tussen hom en mnr. Havenga, eiehandig 'n "Aanvullende Ooreenkoms" oor die verdeling van setels opgestel, waarmee mnr. Havenga hom op 5 September telegrafies akkoord verklaar het. Die ooreenkoms ~~is vervolgens~~ in sy geheel, na deeglike bespreking en voorberei= ding, en ook ruime aandag in die koerante, aan die kongresse voorgelê, waar dit lewendige belangstelling gewek ~~het~~.

Die uitkoms op die kongresse was merkwaardig, en vir dr. Malan 'n riem onder die hart: die Kaaplandse Kongres (23-25 September) het die ooreenkoms in sy geheel met bruisende geesdrif goedgekeur; en die Vrystaatse Kongres (21 Oktober) het dit, ofskoon daar by enkele persone aan die begin fluisteringe was, met byna nóg meer geesdrif as Kaapland bekragtig. Mnr. Havenga se Afrikaner= party het dit op sy Uniale Kongres aan die begin van 1948 goed= gekeur, en terselfdertyd aan hom volmag gegee in verband met besluite rakende setels[6].

---

6) Volop berigte in verband met die kongresse is te vinde in uitgawes van bv. Die Burger, Die Volksblad en Die Transvaler in die betrokke tyd. Kyk ook verslae van mnr. Havenga se toespraak op die Uniale Kongres van die A.P. in Brakpan ná die verkiesing van 1948.

Wat van Transvaal en die Transvaalse Kongres, waar mnr. Strijdom sy saak sou moes stel? Dit het op 17 September geopen. Dr. Malan as Uniale Leier of Hoofleier, was self ook daar. Hy is met groot geesdrif ontvang; hy het die kwessie van samewerking met die A.P., asook moontlike ewentuele eenwording, kalm maar reguit en oortuigend toegelig en bepleit, en ook warme hulde aan mnr. Havenga gebring. Soos verwag kon word, was daar by enkele persone bedenkinge, maar dit het spoedig verdwyn en dit het duidelik geword dat die Kongres geesdriftig aan dr. Malan se kant was.

Mnr. Strijdom het 'n kragtige openingsrede gelewer, wat groot klem gelê het op die onmisbaarheid van 'n sterk, onvervalste Nasionale Party, en wat met hartlike byval begroet is. Owerigens het hy, wat betref samewerking met mnr. Havenga en die A.P., op die Kongres 'n diskrete objektiwiteit en stilte gehandhaaf. Afgevaardigdes sal egter geweet het dat daar by hom nie entoesiasme was nie; maar die Kongres het vir homself volle duidelikheid gekry en dr. Malan ten slotte met byna tasbare geesdrif eenparig gesteun.

Dr. Malan het bereik wat hy beoog het, maar dit moet goed verstaan word dat daar op die Kongres geen openbare teenstelling tussen hom en mnr. Strijdom was nie; as Transvaalse leier het mnr. Strijdom waarskynlik nog sterker van die Kongres weggegaan as wat hy gekom het. Hiertoe het die opbouende Nasionale geesdrif, en dit klimaat van die naderende verkiesing - waarop mnr. Strijdom veral in sy openingsrede baie sterk gebou het - in hoë mate mee=gewerk.

Die beslissing van die Kongresse, insonderheid dié van die Trans=

vaalse Kongres, en ook 'n ooreenstemmende besluit wat die Federale Raad geneem het, was vir mnr. Strijdom 'n teleurstelling. Hy was nou in 'n buitengewoon moeilike posisie; sy eie Kongres het, wat samewerking met die A.P. betref, nie sy eie houding verteenwoordig nie, maar hy was nog steeds 'n goeie Party-man en het besluit om hom nie summier te onttrek nie. Daarom skryf hy op 24 September 'n besonder uitvoerige brief aan dr. Malan, waarmee hy beoog om - soos hy dit stel - sy standpunt en sienswyse verder te verduidelik. Hier het ons 'n merkwaardige dokument, wat die groeiende dilemma van mnr. Strijdom in helder lig wys en ook die persoonlike verhoudinge tussen hom en dr. Malan nog nader uitbring.

Hy sê dat hy, ter wille van die Volksaak, en ten gevolge van gesprekke met vooraanstaande lede van die Party wat soos hy voel, besluit het om, "hoe moeilik dit ook al mag wees, tog met die uitvoering van die ooreenkoms behulpsaam te wees". Hiervoor het hy egter een vername voorwaarde: "mits dat, en sodra as wat Havenga, wat hy aan u persoonlik beloof het, nl. dat geen O.B. 'n kandidaat van sy Party sou wees nie, gestand sou doen deur dit so aan te kondig, of te laat aankondig".

Dit was in die veronderstelling – sê hy – dat so 'n aankondiging gedoen sou word, dat hy ook ingewillig het om hom op die Kongres weer tot leier van Transvaal te laat kies. So lank die aankondiging agterweë bly, sal hy dus nie met die uitvoering van die ooreenkoms behulpsaam wees nie, en hom - om sy eie woorde te gebruik - "uitsluitlik net gaan bepaal by ons eie Party en uitbouing daarvan".

Hy skryf aan dr. Malan verder oor sy posisie as Leier in Transvaal: "Op aandrang van genoemde vriende bly ek dan aan as Leier hier in

ieder geval tot na die Verkiesing, met die hoop dat deur op die manier op te tree, instede van voor die Verkiesing pad te gee, die minste skade aan die verkiesingspoging veroorsaak sal word". Maar hy voeg daaraan toe: "As u egter van oordeel is dat dit raadsaam sou wees, met die oog op my standpunt, dat ek liewer nou daadlik plek maak vir 'n ander Leier, dan is ek bereid om dit te doen".

Owerigens staan hy dr. Malan sterk en breedvoerig te woord oor "verskillende verklarings wat u op die vergadering van ons Federaleraad en op ons Kongres gemaak het". Hy neem dr. Malan dit erg kwalik dat laasgenoemde hulde aan mnr. Havenga gebring het "vir sy optrede in verband met hierdie ooreenkoms", en betoog dan, met ruime opgaaf van redes, waarom daar by hom geen sprake van hulde kan wees nie: "Daarteenoor beskou ek juis Havenga se optrede en eise as uiters onbillik en onredelik". Hy meen dat daar veels te veel aan mnr. Havenga toegegee is, veral wat setels aangaan: "Sy klein groepie en veral die setelsoekers onder hulle is hoogs in hulle skik terwyl baie van ons teleurgesteld en ontevrede is".

Twee punte in verband met hierdie brief verdien nader aandag. Dat mnr. Strijdom, ondanks sy verskille met dr. Malan, nog steeds goeie Nasionalis is, wat geen onverkwiklike stryd in eie kring wil hê nie, is duidelik. Maar hy was in 'n dilemma; hy het 'n standpunt gehad wat vir hom korrek was, wat hy moes verdedig en wat hy ook teenoor dr. Malan verdedig het. Dit is egter 'n vraag of sy houding, minstens soos hy dit aan dr. Malan geopenbaar het, nie in stryd was met die besluite van die Transvaalse kongres en die Federale Raad nie, so nie met die letter nie, dan wel met

die gees en strekking daarvan. Dit is egter bes verstaanbaar dat dr. Malan, en ander Nasionale leiers wat mnr. Strijdom se standpunt geken het, gesien die besondere delikaatheid van die situasie, verkies het om nie 'n ophef daaroor te maak nie.

Die tweede punt: Hy voorsien die moontlikheid dat hy as Trans= vaalse leier mag uittree, maar hy is vanselfsprekend nie gretig om dit te doen nie. Dit val 'n mens op dat hy die onus eintlik op dr. Malan plaas: "As u egter van oordeel is dat dit raadsaam sou wees ..... dat ek liewer nou daadlik plek maak vir 'n ander Leier, dan is ek bereid om dit te doen". En min of meer die= selfde houding het hy byna vier maande vroeër, soos ons in sy brief van 4 Junie gesien het, teenoor dr. Malan aangeneem: "As u en ons Party dus nieteenstaande die besware deur my genoem sou oordeel dat dit wenslik is om met hierdie ooreenkoms met die A.P.-O.B. kombinasie voort te gaan, dan ......sal ek noodwendig moet terugstaan as Provinsiale Leier in Transvaal".

Met so 'n situasie moes dr. Malan natuurlik uiters versigtig omgaan. Dit was geensins sy begeerte dat mnr. Strijdom as Transvaalse leier uittree nie, want die Party sou onherroeplike skade ly. Daarom het hy, soos ons in sy antwoord op mnr. Strijdom se brief van 4 Junie opgemerk het, nadruklik gemaan: "Gaan jy inteendeel handel soos jy nou voorstel, dan sal niemand meer juig as die O.B.'s nie. En wat dan van ons Party en van sy sware verant= woordelikheid teenoor ons volk en ons toekoms?" Dr. Malan het dan ook maar net homself gelyk gebly deur toe te sien dat hy niks sê of doen nie wat, ingeval mnr. Strijdom uittree, die indruk sou wek dat hy die oorsaak daarvan was. Ons het te doen met die rype leier, die leier wat weliswaar langsaam beweeg, maar wat verder kyk as omringende mense en dinge.

Na mate die verkiesing nader gekom het, is die aandag en kragte van Nasionaalvoelendes steeds meer deur die stryd in beslag geneem en is die één groot doel, nl. om die Smutsregering omver te werp, met groeiende ywer nagestreef. Die stryd met hierdie sentrale doel, het 'n magtige middelpunt-soekende faktor geword, wat al hoe minder ruimte vir binnegevegte gelaat het. Dr. Malan, sy leeftyd van vier-en-sewentig jaar ten spyt, het homself nie gespaar nie; mnr. Strijdom, ofskoon hy die A.P.'s aan hulleself oorgelaat en die O.B.'s nog steeds fyn dopgehou het, het hom by die Nasionale stryd in Transvaalse kiesafdelings ingewerp; mnr. Havenga, sy getalle versterk deur baie O.B.'s en hard besig om hulle te verwelkom en te dissiplineer, het hom met geesdrif vir die Nasionale saak ingespan en ook inderdaad 'n betekenisvolle bydrae gelewer. Dat mnr. Strijdom by dr. Malan nog 'n spesifieke aankondiging van mnr. Havenga geëis het, het vir dr. Malan na moeilikheid-soek gelyk, waarby die kool die sous nie werd was nie; of mnr. Havenga van die eis iets geweet het, is twyfelagtig, maar hy sal dit in die onderhawige stadium in elk geval as onnodig beskou het; en wat mnr. Strijdom aangaan, hy het in sy brief sy saak gestel en was owerigens tevrede om die Verenigde Party in Transvaal te laat les opsê.

Met verenigde kragte het Nasionaalgesindes die verkiesingsdag tegemoet gegaan. Woensdag, 26 Mei 1948, het aangebreek, en die verkiesing het plaasgevind: die partyorganisasies het goed gewerk; daar is druk gestem; die uitslae het weldra gekom. Die oggendkoerante van die 28ste het die Nasionale oorwinning aangekondig: Die H.N.P. of V. het 70 setels verower en die A.P. 9, die twee saam dus 79. Die Verenigde Party het 65 gekry, die

Arbeidersparty 6, en dan was daar nog die 3 naturelleverteenwoor= digers in die Volksraad. Tesame het hierdie groepe dus 74 lede gehad, m.a.w. 'n Nasionale meerderheid in die Volksraad van 5 oor al die ander. Dit was maar 'n skrale meerderheid, maar dit was genoeg om 'n Nasionale regering aan die land te gee.

Voor die radio in Môrewag het dr. Malan met intense belangstelling die uitslae gevolg, innerlik seker baie gespanne maar uiterlik, vir die baie vriende wat hom besoek het, kalm en merkwaardig ontspanne. Toe dit duidelik word dat hy 'n meerderheid gaan kry, het hy van louter vreugde uitgeskater, 'n ongedwonge skaterlag asof die innerlike spanning eensklaps verbreek word. Dit het 'n hele rukkie geduur voordat hy die gesprekke weer kon hervat, en toe het sy besoekers - in sy stem en in sy oë agter die dik brilglase - agtergekom watter diepe ontroering daar by hom was[7].

Dr. Malan se treinreis na Pretoria, om op uitnodiging van die Goewerneur-Generaal sy kabinet saam te stel, was 'n ware segetog. Voorlopig tuis in die Union Hotel, skuins onderkant die Uniegebou, het die aangewese Eerste Minister hom aan sy taak gewy om vir die verskillende portefeuljes die geskikste manne aan te wys.

Die portefeulje van Finansies was van die allergrootste belang: die Minister wat dit behartig het, is beskou as tweede op die senioriteitslys, d.i. net na die Eerste Minister, en vir heel Suid-Afrika was die man vir Finansies 'n vanselfsprekende keuse, mnr. N.C. Havenga. Dit is egter opmerklik dat dr. Malan in hierdie verband aanvanklik, naas die naam van mnr. Havenga, ook

---

7) Spreker was self onder die besoekers.

dié van dr. T.E. Dönges in gedagte gehad het, terwyl hy albei hierdie manne aan die begin ook vir die portefeulje van Mynwese en Ekonomiese Sake oorweeg het[8]. Maar dit het vir dr. Malan spoedig duidelik geword dat hy in mnr. Havenga die regte man vir Finansies gehad het. Sy aanwysing as Minister van Finansies is in Suid-Afrika goed ontvang en ook buite ons grense het dit indruk gemaak.

Al is vir 'n Eerste Minister die samestelling van sy kabinet sy eie saak en sy eie verantwoordelikheid, het dr. Malan, besliste demokraat wat hy was, en met sy geloof in die begrip van leierskap-in-rade[9], die kwessie van verdere portefeuljes bespreek met sy twee vernaamste Provinsiale leiers, mnre. Strijdom en C.R. Swart van Transvaal en die Vrystaat onderskeidelik. Angesien hy hulle uit die aard van die saak in belangrike portefeuljes wou aanstel, het hy hulle na Pretoria ontbied en sowel afsonderlik as gesamelik met hulle gesels. Verskeie portefeuljes het ter sprake gekom,

---

8) Hierdie feite blyk uit 'n dokument getiteld: Voorlopige Kabinet, Mei 1948. Teenoor die portefeulje van Finansies staan: "Havenga of Dönges"; en teenoor Mynwese en Ekono= miese Sake (Ekonomiese Ontwikkeling in die dokument) eweneens hierdie twee name. Die dokument is in dr. Malan se eie handskrif, behalwe die titel wat in mev. Malan se handskrif is. Soos bekend is, het mev. Malan daar in die Union Hotel, voordat dr. Malan 'n sekretaris gehad het, vir hom min of meer as 'n private sekretaresse opgetree. Die onderhawige dokument het ek nog in dr. Malan se leeftyd geraadpleeg en met sy verlof 'n afdruk daarvan gemaak. Die origineel is vandag in die D.F. Malan-Versameling, U.S.

9) Kyk bv. Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen, p.193.

25/........

maar aangesien dr. Malan veral moes dink aan die onderlegdheid, belangstelling en bekwaamheid van die betrokke persone, het dit in die geval van mnre. Strijdom en Swart weldra hoofsaaklik gegaan om twee portefeuljes, nl. Justisie, en Lande en Besproei= ing. Albei het immers opleiding in die regte gehad, terwyl mnr. Strijdom meer bepaald in die sake van lande en besproeiing besondere belangstelling getoon het.

Mnr. Strijdom se hele agtergrond, reeds van sy kinderdae af, was bereken om by hom die belangrikheid van besproeiing tuis te bring. Sy vader, die welbekende boer Pieter Strijdom van die plaas Sand= vlakte in die distrik Willowmore, het - kenmerkend van die mense van die Karoo - die waarde van water verstaan en het geweet dat die bestaan van mens en dier en plant van water afhanklik is[10). Toe mnr. Strijdom hom later in Transvaal gevestig het, het hy die plaas Elsjeskraal op die Springbokvlakte aangeskaf, 'n gebied waar besproeiing van groot belang is. In landbou= kringe het hy ook opgang gemaak, want weldra word hy verkies as voorsitter van die Nylstroomse Landbougenootskap. Daarna het sy boerderybelange nog verder uitgebrei toe hy, saam met sy broer Raymond, naby Warmbad 'n beesboerdery begin het, op 'n plaas wat net soos die ou familieplaas in Willowmore, Sandvlakte, geheet het.

Toe hy in Julie 1929, ná die verkiesing van daardie jaar, vir die eerste keer sy plek in die Volksraad inneem, as lid vir Waterberg, het hy sy eerstelingtoespraak aan waterbewaring en besproeiing gewy[11).

---

10) Vgl. Gert Coetsee, Hans Strijdom, pp.9 - 11.
11) Ibid, pp.13 - 14. Kyk ook Debatte van die Volksraad (Hansard), Deel 13 (19 Julie tot 16 Augustus), kolomme 208 - 210.

As jong L.V. het hy vanuit die agterbanke herhaaldelik weer die woord gevoer oor waterbewaring, besproeiing en die verstandige gebruik van Suid-Afrika se water en bodem - dit is die sake waaroor hy met oortuiging en begrip gepraat het. Toe hy reeds senior Volksraadslid was, het hy in die laaste sessie vóór die algemene verkiesing van 1948 weer eens met selfvertroue en nadruk oor hierdie sake gehandel[12]. Mnr. Strijdom was, uit hoofde van sy kennis en ervaring, uitgeknip vir die rol van Minister van Lande en Besproeiing. Maar daar was ander gewigtige gesigspunte wat dr. Malan in ag moes neem. Lande is destyds nie as 'n baie moeilike of belangrike portefeulje gesien nie; en mnr. Strijdom was 'n man van besondere aansien en status. In Transvaal en daarbuite het hy as Volksraadslid groot aansien geniet.

Sou dr. Malan dan verstandig handel om mnr. Strijdom, gesien sy senioriteit en status, in 'n sg. maklike en onbelangrike porte=feulje te benoem? Dit is verstaanbaar dat dr. Malan ook ander portefeuljes vir mnr. Strijdom oorweeg het, en die een wat blykbaar baie sterk onder die aandag gekom het, was Justisie. Hy sou hierin goed gepas het, terwyl 'n veelsydige man soos mnr. Swart, vir wie dr. Malan ook sterk in hierdie verband gevoel het, dan 'n ander belangrike portefeulje kon kry.

'n Openhartige samespreking is gevoer, wat daarop uitgeloop het

---

12) Kyk bv. Debatte van die Volksraad (Hansard), Deel 62 (16 Jan. tot 20 Feb. 1948), kolomme 948 - 954 en 969 - 972; en Deel 63 (23 Feb. tot 24 Maart 1948), kolomme 3511 - 3524 en 3707 - 3712.

dat mnr. Strijdom self gesê het dat hy Lande en Besproeiing sou verkies. Sy redes was tweëerlei: eerstens was dit 'n terrein wat hy geken het; en tweedens sou sy hande dan nie so erg gebind wees nie, sodat hy - wat vir hom hoë prioriteit was - tyd kon vind om die sake van die Party in Transvaal sterk op te bou, iets wat noodsaaklik was aangesien die Nasionale meerder=heid in die Volksraad so klein was en ook omdat daar in Transvaal 'n snelle aanwas van bevolking - dus ook van stemme - voorgekom het. Die geldigheid van hierdie standpunt het dr. Malan goed verstaan: hy het mnr. Strijdom, dus ooreenkomstig ~~mnr. Strijdom~~ laasg. se eie voorkeur, aangestel in die portefeulje van Lande waarby Besproeiing inbegrepe was[13].

Of daar enige sprake van kan wees dat dr. Malan vir mnr. Strijdom 'n onreg aangedoen het, moet iedereen nou maar vir homself oor=deel. Dit is opmerklik dat daar in die jongste jare van tyd=genote bevestiging gekom het van hoofpunte ~~in~~ van die verloop soos dit hier geskets is. Oud-minister Ben Schoeman, wat in dr. Malan se kabinet Minister van Arbeid en Openbare Werke geword het, het aan die einde van sy politieke loopbaan o.a. verklaar: "Adv. Strijdom het gesê hy het gevra vir Lande en Bosbou, want met dié portefeuljes sal hy sy hande losser hê om verder aan die party

---

13) Die bostaande uiteensetting berus hoofsaaklik op mededelinge wat dr. Malan gedurende die laaste paar jaar van sy lewe aan spreker op Stellenbosch gedoen het. Hierdie mededelinge is, gedurende dr. Malan se leeftyd en ook daarna, deur mev. Malan in sekere opsigte aangevul. Sy het o.a. verklaar dat dr. Malan die portefeulje van Justisie uitdruklik aan mnr. Strijdom aangebied het.

28/.........

te bou"[14]. En oud-president C.R. Swart, wat toe deur dr. Malan aangestel is as Minister van Justisie, het betreklik onlangs in 'n brief verklaar: "Dr. D.F. het hom (Strijdom) van Nylstroom laat kom en ons leiers het beraadslaag. Daar is ander porte= feuljes (belangrikes) genoem vir Strijdom. Hy het naderhand self gesê hy verkies Lande en Besproeiing, omdat dit die aange= leentheid was wat hy altyd in die Volksraad gehanteer het, nl. die vestiging van ons mense op die grond, en omdat sy kiesafdeling baie daarmee gemoeid was. Daarby sou dit hom tyd gun om Transvaal verder vir die N.P. te wen"[15].

Dr. N.S. Louw Verlof

Hiermee het ons nou meer lig probeer kry op die driehoek, Malan, Strijdom, Havenga, in die merkwaardige jare 1947 - '48. Laat ons ten slotte ons vernaamste bevindinge stel.

Ons sien dr. Malan as die ervare, rype Afrikanerpolitikus, die oortuigde demokraat, wat kalm volhou om 'n groot ideaal na te strewe, nl. volkseenheid, wat vir hom bowenalles beteken het die staatkundige eenheid van sy volk. Hiervoor was hy bereid

---

14) Kyk artikel: Oom Ben verklap 'n paar geheime, in Bylae, Rapport, 27 Mei 1973. Waar mnr. Schoeman praat van "Lande en Bosbou", is dit klaarblyklik 'n gedeeltelike vergissing; dit moet wees: Lande en Besproeiing. Die portefeulje van Bosbou was gekoppel met Landbou, en het gegaan na mnr. S.P. le Roux.

15) Brief, d.d. 10 Sept. 1973, van mnr. C.R. Swart aan dr. N.S. Louw van Kaapstad. Die verwysing na die brief word hier gemaak met verlof van mnr. Swart en dr. Louw.

om 'n groot prys te betaal, aan geduld, inspanning en opoffering, ook teenoor sy mede-Afrikaner wat van hom verskil het. Hy is die man van sy beginsels; maar hy is geen Prinzipienreiter nie: groot beginsels is onontbeerlik, om stabiliteit, koers en karakter te gee, maar hy maak nie van alles beginsels nie; en beginsels is vir hom ook nie heilige koeie wat samewerking onmoontlik moet maak nie. Hy het 'n soepelheid van gees ge= openbaar wat 'n gesonde aanpassingsvermoë meegebring het; as teologies-onderlegde filosoof het hy miskien beter as enigeen van sy partygenote geweet dat onvermoë om aan te pas uiteindelik die dood beteken vir enigiets wat leef, hetsy mens of dier of plant.

Naas hom het mnr. Strijdom gestaan, Provinsiale leier, amper twintig jaar jonger as sy Uniale leier. Vlugger en meer dinamies van gees as dr. Malan, met nog meer die Sturm und Drang van die jeug as die kalmte van die ouderdom, was hy die man van die daad, die vegter, die Leeu van die Noorde. Niemand het sy demokratiese oortuiginge betwyfel nie, en met name nie sy oortuiginge as Nasionalis nie. Maar demokrasie en Nasionalisme was vir hom duidelike gedefinieerde terme, soos dit in programme van beginsels en aksie van die H.N.P. of V. te vinde was. Wie daarbuite gestaan het, was vir hom nie Nasionalis nie, nie iemand met wie hy saam die wapen kon dra nie; en hierop het hy nie maklik toegewings gemaak nie, want toegewings kon verwarring bring, en verwarring broederstryd. Vir die objektiewe waarnemer kom sy houding ietwat doktrinêr voor; maar mnr. Strijdom was wat sy ou Karoo-wêreld hom al gemaak het: taai, vreesloos, kompromisloos.

30/........

En derdens was daar mnr. Havenga, heeltemal 'n ander mens as ōf dr. Malan ōf mnr. Strijdom. Produk van die leerskool van genl. Hertzog, sy politieke vader, was hy die man wat saam met die generaal "gesmelt" het en kans gesien het om saam met genl. Smuts in genl. Hertzog se kabinet te dien. Hy was sjarmante mens in die omgang, maar nie politikus met buitengewoon geykte politieke opvattinge wat tot in fyn besonderhede vasgestaan het nie; en daarby was hy ietwat pragmaties van uitkyk: teen 1948 was hy al byna agt jaar uit die Parlement, en hy wou graag terug. Dit wil nie sê dat hy manteldraaier was nie; inteendeel, in sy hart was hy Afrikaner, nasionalis en republikein, en hy het aansluiting gesoek by diegene by wie hy kon tuis voel. Maar hy was nie onderskeidend-filosofies aangelê nie; en hy was ook nie meedoënlose vegtersgees nie.

Wat die persoonlike verhouding tussen dr. Malan en mnr. Strijdom aangaan, het hulle radikaal van mekaar verskil oor samewerking met die A.P.: terwyl dr. Malan tot samewerking bereid was, het mnr. Strijdom, aanvanklik ten minste, gewoonweg verwag dat die A.P. tot die H.N.P. of V. moes oorkom en met hom moes verenig. Ons sien geïllustreer die meer soepele gees van dr. Malan teenoor die meer kompromislose byna doktrinêre houding van mnr. Strijdom. Die verkiesing, insonderheid die uitslag en die onmiddellike naweë daarvan, het bewys dat dr. Malan se siening korrek was; immers, sonder die samewerking van die A.P. sou daar nooit die vyf-man-meerderheid gewees het nie. Maar met die lig waaroor hy beskik het, het mnr. Strijdom - al was sy oordeel in die onderhawige verband nie suiwer nie - konsekwent gebly en die belange van sy Party gedien op 'n wyse wat volgens sy eerlike oortuiging die beste was.

31/.......

In die verhouding tussen dr. Malan en mnr. Strijdom vind ons niks oneerbaars nie. Dat die een soms 'n bietjie ongeduldig of wrewelig teenoor die ander geword het, sal 'n mens nie ontken nie, maar dit het by hulle om die meriete van standpunte gegaan, en nie om persoonlike vetes nie. In werklikheid het hulle agting vir mekaar gehad, en het die een die waarde van die ander vir die Nasionale saak terdeë besef.

Ons merk op dat mnr. Strijdom, hoe sterk hy ook in hulle brief=wisseling van dr. Malan verskil het, 'n openlike konfrontasie met dr. Malan vermy het. Alles wat dr. Malan in sy briewe aan mnr. Strijdom gesê het, kon hy in die openbaar sê; veel van wat mnr. Strijdom in sý briewe aan dr. Malan gesê het, kon hy in die openbaar nie sê nie. Hierin lê daar niks vreemds of oneerbaars nie: dr. Malan se standpunt is immers ruim en grootskeeps deur Nasionaliste gesteun, terwyl mnr. Strijdom die engere, meer eksklusiewe Nasionale standpunt gehuldig het, wat hy - ter wille van die Nasionale saak - natuurlik nie aan die groot klok kon hang nie.

Die feit dat mnr. Strijdom goedmoeds saam met mnr. Havenga in die kabinet van dr. Malan gaan dien het, moet nie as 'n inkonse=kwensie aan die kant van mnr. Strijdom gesien word nie: die verkiesingsuitslag het immers 'n heeltemal nuwe situasie laat ontstaan, en vir mnr. Strijdom was dit volkome duidelik hoe hy in die veranderde situasie die Nasionale saak die beste kon bevorder. In dieselfde lig moet die feit gesien word dat mnr. Strijdom ná die verkiesing ook maar daarvan vergeet het dat hy eintlik nog 'n aankondiging van mnr. Havenga verwag het; en ook

32/........

die feit dat hy maar rustig aangebly het as leier van die Party in Transvaal. Dat ook dr. Malan hierdie dinge onmiddellik ná die verkiesing laat rus het, was bereken om samewerking in 'n uiters moeilike parlementêre stryd te verstewig.

Aan die begin is verwys na die mening dat die kwessie van 'n republiek 'n moontlike oorsaak van verwydering tussen dr. Malan en mnr. Strijdom was. Ons het egter geen bewyse gevind dat dit in die onderhawige tyd, 1947 - '48, die geval is nie. Hulle was albei republikeine en het 'n republiek begeer, maar as hulle verskil het oor vrae soos bv. hoe die republiek verkry moet word, of watter besondere vorm dit moet aanneem, dan was dit iets van later tyd. In hulle openhartige korrespondensie, wat ons in die voorgaande nagegaan het, was dit geen geskilpunt nie; en dit kan dus ook nie as rede aangevoer word waarom dr. Malan vir mnr. Strijdom met 'n minder belangrike portefeulje sou "afgeskeep" het nie.

Wat dr. Malan en mnr. Havenga betref, kan ons konstateer dat hulle albei baie senior politici was wat mekaar se <u>bona fides</u> in 1947 - '48 ten volle aanvaar het. Van die twee was dr. Malan die ouer man - agt jaar ouer - en hy was, as hoof van die groter party, en met 'n veel langer leiersrekord, in die sterker posisie, maar mnr. Havenga kon in 'n verkiesing die beslissing bepaal, en hierin het sy besondere krag gelê. Toe hy, aangesien hy en dr. Malan vasgestel het dat daar geen beginselverskille tussen hulle bestaan nie, besluit het om 'n verbintenis met die H.N.P. of V. aan te gaan, het hy hierdie besondere krag aan dr. Malan se kant ingespan. Sowel dr. Malan as mnr. Havenga het dit as onmisbaar vir die Nasionale saak gesien; en vir mnr. Havenga

kon dit ook weer die deur na die Parlement oopmaak, waardeur hy in staat gestel sou word om die Nasionale saak des te beter te dien.

Dat dr. Malan se waardering vir mnr. Havenga baie opreg was, blyk uit die feit dat hy dit tot aan die einde van sy lewe behou het. Toe hy teen die uitgang van 1954 die eersteministerskap neerlê, was dit sy begeerte dat mnr. Havenga hom moes opvolg; en toe hy betreklik kort vóór sy heengaan sy herinneringe neerskryf, loof hy mnr. Havenga, wat vir hom "op die pad van ons volk se eenwording die vernaamste medebouer daarvan was"[16].

Wat mnr. Strijdom en mnr. Havenga aangaan, hoef nie veel gesê te word nie. Hulle het wel 'n paar jaar, 1929 - 1933, saam in een party in die Parlement gesit, maar owerigens weinig met mekaar te doen gehad. Toe veertien jaar later onderhandelinge tussen die H.N.P. of V. en die A.P. aangeknoop word, het hulle mekaar maar swak geken; en die onderhandelinge het ook geen bydrae tot beter kennismaking gelewer nie, omdat dit hoofsaaklik in die hande van dr. Malan was, en mnr. Strijdom hom opsy gehou het. In dr. Malan se kabinet sou hulle, as kollegas, mekaar veel beter leer ken.

Wat die verhoudinge binne die hele driehoek betref, het die verkiesing van 1948 'n vername twisappel verwyder: die uitslag was die doodsklok van die O.B. Die ironie van die saak is dat die O.B. self ook hiertoe meegewerk het, want alhoewel hy 'n

---

16) Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daar=
heen, p.238.

34/........

gesagstaat sonder politieke partye voorgestaan het, het hy om homself te handhaaf in werklikheid regstreeks en onregstreeks met politieke partye gaan saamwerk en vir hulle 'n oorwinning by die "gewraakte" stembus help verkry - net om daarna uit te vind dat daar vir homself, in 'n demokratiese sisteem onder demokratiese mense, geen plek is nie.

Die drie vernaamste leiers aan Nasionale kant, dr. Malan, mnr. Strijdom en mnr. Havenga, kon in 1948, ondanks meningsverskille, hulle struikelblokke oorkom, nie op 'n ideale wyse nie maar na die beste van hulle vermoë, en onder omstandighede met ryke vrug. Dit het hulle in staat gestel om 'n verrassende, belangrike ver= kiesingsuitslag te ervaar. Een van die merkwaardige dinge wat enkele jare ná die verkiesing gebeur het - iets wat dr. Malan en mnr. Strijdom al baie lankal van harte begeer het - is dat die H.N.P. of V. en die A.P. in 1951 ten volle met mekaar een geword het, en wel onder die tradisionele ou naam, <u>Die Nasionale Party</u>. Dit is miskien simbolies dat ons op die amptelike foto, ~~wat by geleentheid van die inswering~~ van dr. Malan se kabinet in 1948 ~~geneem is~~, mnr. Strijdom en mnr. Havenga langs mekaar sien sit[17].

Die oorwinning waarvoor die drie hoofpersone van die drama hulle met soveel ywer ingespan het, was van diepgaande betekenis; die uitkringende gevolge van die verkiesingsuitslag van 1948 is in ons jongste geskiedenis diep ingedra, tot vandag toe.

<u>H.B. THOM</u>

Stellenbosch
April 1976

17) Kyk bv. die publikasie van die Sentrale Inligtingskomitee van die Nasionale Party: 1948 - 1968 .... en nou, Die Toekoms!, p.52.